Appointed SIPREM INTERNATIONAL Agent in RSA
Accredited INGERSOLL RAND Business Partner

Ingersoll Rand Compressors
ARO Air-Powered Fluid Pumps
SIPREM Int. Wine-making Equipment

021 905-4814
info@airr.co.za
www.airr.co.za

Oktober 2017

BATE FINANSIERING

AiRR het, op terugvoer van menige kliente, besef dat Bate Finansiering 'n belangrike rol speel in beide die kompressor en wyn toerusting mark. Ons eerste deurbraak was 'n samewerkings ooreenkom met FNB waarin ons toerusting en dienste goed gekeur is deur WESBANK vir finansiering. Dit laat potensiele kliente toe om, deur AiRR se webtuiste, aansoek te doen vir finansiering vir bedrae vanaf R70,000.00.

Verder het ons ook verskeie navrae na alternatiewe bate finansiering, met meer buigsame terugbetalings strukture, gekry. Veral wat betref die verskaffing van wyn toerusting en die gepaardgaande invoer kostes daaraan. Dit het ons gedruk om te kyk na bate finansiering wat boerdery verstaan. MERCHANT WEST was een groep wat ons gevoel het spreek beide die behoeftes aan en AiRR het besprekings begin hoe ons saam kan werk tot voordeel van beide partye.

Ek kan nou noem dat ons samewerkings ooreenkoms besprekings afgehandel is en dat ons met vertroue vir MERCHANT WEST aan ons kliente kan voorstel. MERCHANT WEST is gemaklik om ons produkte te hanteer en is ook vertroud met boerdery bate finansierings in die algemeen. Hulle verstaan oeste en hoe om afbetalings ooreenkomste daarvolgens te struktueer. MERCHANT WEST is ook vertroud met gespesialiseerde toerusting en die invoer van sulke toerusting. Die klient kan dan ook hulle invoer permit nommer gebruik.

Aangeheg is 'n brief wat bietjie meer van MERCHANT WEST Bate Finansiering verduidelik. Thinus Marais ken die wynbedryf en die uitdagings in die huidige klimaats omstandighede. Hy is beskikbaar vir navrae - sien sy kontakbesonderhede aangeheg - of kontak AiRR vir verwysings.

BATE FINANSIERING

Agtergrond:

Merchant West bied vir meer as 18 jaar gespesialiseerde finansieringsoplossings aan die Suid-Afrikaanse mark. Ons kliënte is ons hoof prioriteit, en ons streef om voortdurend kliënt-spesifieke oplossings te lewer. Merchant West is een van die voorste privaat besitte finansiële instellings in Suid- Afrika, wat onlangs effekte op die JSE gelys het. Hierdie effekte dra 'n AAA gradering vanaf die voorste internasionale graderingsagentskap, Standard & Poor's.

Finansiering van aanleg en toerusting

Merchant West het reeds verskeie kliënte ondersteun met die finansiering van gespesialiseerde toerusting. Die volgende voordele en opsies gaan gepaard met die aanbieding:

- Deposito's betaalbaar aan die verskaffer word deur Merchant West, names die kliënt, gemaak;
- Die tesourie- en valutabestuur asook die klarings funksie word deur Merchant West hanteer;
- Die kliënt kan Merchant West se invoernommer gebruik;
- Die betalings aan die verskaffer, plus rente, word gekapitaliseer teen die koste van die bate en vorm die basis-waarde vir die finansieringsooreenkoms oor die leningstermyn;
- Voorafgoedgekeurde kredietfasiliteite vir die beplanning van kapitaalspanderings is beskikbaar.

Finansieringstrukture beskikbaar aan kliënt:

- Bedryfshuur ("Off-Balance Sheet") of Afbetalingsverkoopsooreenkoms (ISA);
- Termyne van 3 tot 7 jaar;
- Buigsame terugbetalingstruktuur:
  - Maandeliks, per kwartaal of half-jaarlikse betalings;
  - Betalings word gestruktureer om die kliënt se kontantvloei te pas;
  - Jaarlikse eskalasies kan in paaiemente ingebou word.

Vir enige navrae, kontak asseblief:

Thinus Marais
(T): 021-552 7007. (S): 076-254 9468
(E): thinusm@merchantwest.co.za